

Suksesvolle Christen

Matteus 25:14-30

Inleiding

- Koos Kombuis sing
 - “Almal wil ’n huisie by die see hê”.
- Lucas Maree sing
 - “Ek sou kon doen met ’n miljoen”
- Hierdie twee liedjies alleen
 - som dalk die meeste Afrikaners se definisie van sukses op.
 - As jy ’n miljoen kon spaar
 - en ’n huisie by die see het...
 - kan jy met trots na jouself in die spieël kyk.
- Daar is seker groter definisies van sukses,
 - maar Anton Rupert en Harry Oppenheimer het nou nie liedjies daaroor geskryf nie.
 - En dis seker ook maar goed so want
 - dit sou die doelwit onmoontlik maak
 - en ons gewone mense net meer depressief maak.
- Nee, ’n miljoen en ’n huisie by die see
 - – en mense se bewondering vir jou –
 - is dalk net-net moontlik as jy baie mooi werk.
- ’n Vraag in ’n boek wat onderhoude gevoer het met suksesvolle mense was oor hulle raad vir ander.

- Een persoon het toe geantwoord:
- “Ek het maar net in die pad af gestap wat die Here vir my gegee het.”
- Dis nou nie 'n stelling waaroor jy baie liedjies hoor nie...!
 - Dalk omdat dit eerder praat oor
 - getrouheid met wat jy het
 - en 'n Here wat daaroor besluit,
 - ...as oor jou lugkastele.
- Vanoggend hoor ons hoe fantasties dit is dat
 - Jesus mense red van 'n satmakende gejaag
 - om te kry wat ons eintlik in die eerste plek dryf, die woorde: “Mooi so!”
 - En
 - Hy maak jou ook vry van die depressie wat kom as niemand dit vir jou sê nie
- En in hierdie geval hoor ons “Mooi so!”
 - ...nie van mense af nie... maar van die Koning van die Kosmos...

Agtergrond

- Jesus praat oor mense se konsep van sukses 2 dae voor sy kruisiging [Matt. 26:2].
- Maak oop by Matteus 23.
- ...Die einde is naby.
- Jesus het pas die Joodse leiers

- vasgevat oor hulle pad na persoonlike sukses.
 - Dat hulle eerder hulle posisie gebruik
 - vir hulle eie voordeel
 - as om werklik vir God te werk in belang van sy mense [Matt. 23:1-36].
 - Jesus som hulle op in 23:5
 - “Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word.”
 - Ons ken almal sulke mense... dis dalk waar van jou...
 - jy weeg als in die lig van hoe mense jou gaan sien...
- Uiteindelik maak Jesus dit toe duidelik dat
 - die tempel en hulle hele sisteem
 - wat hulle eintlik net bou om hulleself
 - te verryk
 - te laat bewonder
 - platgevee gaan word [Matt. 24:2].
 - Natuurlik is sy dissipels nuuskierig en vra wanneer hierdie dinge en die einde van die wêreld gaan gebeur.
 - Jesus antwoord hulle dan,
 - nie net wanneer dit gaan gebeur nie [Matt. 24:3-44]
 - – maar hoe dinge eintlik behoort te werk om gereed te wees vir die einde [Matt. 24:45-25:46].
 - Dis waar ons gedeelte vir vandag inkom:
 - die gelykenis oor die slawe en die muntstukke.
 - Dit praat baie reguit oor
 - wat jy as jou doelwit sien.

- Hoe jy dink oor sukses
 - en die ware definisie van mislukking.
- [Lees Matteus 25:14-30]
- Kom ons gesels oor
 - ons doelwitte,
 - suksesse
 - en ware mislukking
 - in die lig van Jesus se Koningskap.

Die doelwit

- Wat Jesus hier sê oor die talente
 - is net 'n ander manier om te herhaal wat God in Genesis 1 al gesê het:

²⁶ “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.”

²⁷God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

²⁸Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”

- God is jou maker en eienaar
- Hy het vir jou 'n gedeelte van sy hulpbronne gegee
 - om te gebruik en te bestuur
 - op 'n manier
 - wat Hom grootmaak
 - nie jou grootmaak nie
 - Hy moet raakgesien word, nie jy nie.
- Dit gaan hier oor baie meer as geld. Dit gaan oor jou hele pakkie.
 - Alles - van jou agtergrond, opvoeding, adres, prestasies,
 - jou geleenthede, jou netwerke van kennis en vriende
 - – al die pad tot by jou mees intiemste en persoonlikste besitting
 - - die asem in jou neus.
- En volgens God is jou doel om so met elkeen van hierdie dinge te werk
 - dat Hy en sy Naam die voordeel daarvan sien,
 - nie jy en jou naam nie.
 - Calvyn het hieroor gesê dat
 - wie ook al dink om uit hulle lewe vir God sy deel te gee,
 - sal niks vir homself kan hou nie.
- Maar sien mooi raak.
 - Dit beteken nie om als weg te gee

- of dat mens nie ambisie mag hê of woeker of hard werk nie.
- Jy moet!
- Maar die doel van jou goed, is nie bloot 'meer goed nie',
 - dis eerder meer God.
- Hoe kan ek meer myle vir God en sy saak uit my pakkie kry.
 - Dis dikwels so ver van waar ons self is
 - En wat ons ons kinders leer op skool
 - Hoe ons praat met Gr 11's en 12's
- Jy sien, as jy regtig glo God is klaar baie duidelik oor hoekom jy bestaan:
 - dan gaan jy eenvoudig anders moet begin dink oor sukses.
 - Jy gaan anders moet dink oor die kar wat jy wil ry,
 - die loopbaanskuif wat jy oorweeg
 - en die situasie waaruit jy wil ontsnap.
- Sukses is dan nie meer daardie ding wat anderkant die bult lê en eendag gaan kom nie...
 - omdat dit wat God as 'n mens se die doel beskryf
 - hier en nou en vandag al bereik kan word.

Die sukses

- In die gelykenis gee Jesus self die definisie van sukses:

- Daar is 'n sekere tipe lewe waaroor God gaan sê:
“Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!”
- Dis wat elke kind van sy pa en ma wil hoor: “Ek sien jou raak en ek is trots!”
 - En God sê dit ewe veel vir altwee die getroue werkers.
 - Of die een vyf ekstra bygedra het en die ander drie - maak nie saak nie.
 - Altwee is suksesvol
- Die sukses lê daarin dat
 - elkeen gefokus het om te werk met wat hulle gegee is en getrou daarmee was.
 - Jy sien, om bloot getrou die beste te doen in jou situasie, met jou situasie, ...is klaar die sukses.
 - Albei die werkers het hulle situasie 100% uitgekoop
 - al was die kaarte wat vir hulle gedeel is verskillend.
 - Vir 'n Christen is sukses nie anderkant die bult
 - in groter en beter omstandighede nie,
 - as jy jouself kon opwerk om uiteindelik Kaap of Pretoria of Australië toe te trek nie
 - dit lê hier in die mate waarin jy getrou werk met wat jy het.
- Dit het geweldige betekenis vir jou vandag.
 - Die tipiese manier waarop mens dink is...

- as ek net nog dit of dat kan kry...
 - 'n werk of beter werk
 - 'n verhoging
 - groter huis
 - beter kar
 - dan sal ek tevrede/gelukkig/suksesvol kan voel.
 - Maar vir God is sukses nie in jou vermoë om nog 'n trappie hoër te klim nie...
 - dis in wat en hoe jy vir Hom maak op die trappie waar jy is.
- Dit beteken verder dat
 - jy op die oomblik het wat jy moet hê
 - en is waar jy moet wees,
 - om te doen wat jy moet doen [x2].
 - En as jy doen wat jy moet vir God
 - waar jy is
 - met wat jy het:
 - dis sukses.
- Beteken dit dat jy nie ander opsies moet oorweeg of mag probeer vorder nie?
 - Nee,... jy móét woeker
 - en as daardie deur oopgaan
 - het jy net nog meer om oor verantwoording te doen voor jou eienaar.
 - Maar as die deur toe bly
 - beteken dit dat jy nog is waar hy jou wil hê
 - met wat hy jou wil gee

- vir sy eer en roem.
- Dis soms bitter swaar om dít te sluk...
 - Maar as dit so swaar sluk
 - Dan verklap dit waarskynlik vanoggend dat jy eintlik 'n ander doel het
 - As om God te eer met wat Hy vir jou gee
- As dit sukses is, hoe klink mislukking?

Die mislukking

- Sukses begin by hoe jy oor God en jou goeters dink
 - Mislukking óók!
- Jy sien, die probleem wat Jesus hier aanspreek is nie
 - mense se fluksheid of luiheid:
 - dat party vir Hom hard werk en beloon word
 - en party is lui en word dan nie beloon nie.
- Die maak of breek is hoe jy oor God en jouself dink.
 - Die suksesvolle slawe... het besef dat hulle slawe is.
 - En dat hulle eienaar die eienaar is.
 - Sonder sy belegging en genade - het en is hulle 'n totale niks.
 - Die wonderwerk dat
 - ten spyte van hulle status
 - hulle miljoene geskenk is...
 - het hulle fluksheid en die resultate tot gevolg gehad.

- En dis presies ook waar die mislukking begin.
 - Die lui slaaf se vals persepsie van God as 'n harde en onbillike eienaar, sê hy, het hom bang gemaak.
 - Hy wou nie die belegging gebruik en 'n fout maak nie.
 - Maar die eienaar sê as dit werklik die geval was, sou die slaaf dit ten minste belê het.
 - Nee,... hy was eerder 'n 'slegte en lui' slaaf
 - wat in die eerste plek nie belanggestel het om die slaaf van 'n eienaar te wees nie.
 - Die eienaar se belange pla hom nie... sý belange pla hom.

- Hy het sy eie idees gehad oor hoe God is
 - en wat vir homself goed sou uitwerk aan die einde.
 - Sy eie doelwit.
 - Dis waar die kern van die mislukking lê.

- Jy sien, Jesus is hierin nog steeds besig om die Joodse godsdienstige leiers en almal soos hulle, te skets.
 - Mense wat nie besef dat selfs die asem in hulle neus 'n genade is nie.
 - En hulle vergryp aan hulle eie bestaan en posisie ter wille van hulleself.
 - Die slaaf begrawe die munt in die grond en steek dit weg,
 - en van die Joodse leiers het Jesus letterlik ure vroeër gesê:

¹³“Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die deur van die koninkryk in die

mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en julle verhinder dié wat wel wil ingaan.”

- Julle vat self nie wat vir julle gegee is nie
 - en keer selfs ander om daarvan te kry.

- Sien, elke mens is in wese die slegte en lui slaaf
 - wat net aan homself sal dink as hy die kans kry.
 - Maar die Eienaar Jesus het
 - aan die kruis gesterf vir hierdie houding
 - en daarmee 'n groot rykdom van lewe tot beskikking van mense gestel.
 - Jesus kom maak jou vry van
 - Die satmakende gejaag om iets te behaal
 - Of die depressie as jy nie veel regkry nie
 - Hy het jou klaar as gegee wat jy hoef te hê
 - Om te kan hoor: Mooi so!
 - Wanneer jy agterkom hoe groot die genade daarvan is
 - vir 'n slaaf wat sonder Hom niks is - en het nie,
 - dan gryp jy daardie genade aan... en woeker daarmee.

- Maar, as jy agterkom dat
 - jy nie werklik belangstel om met wat jy het te woeker nie,
 - of as jy nog sukses en geluk soek in môre oor die bult,
 - is dit baie nodig om te wonder of jy die groot genade verstaan wat tot jou beskikking is

- – en hoegenaamd die doel van jou bestaan voor God.

Kinders

- Ons grootmense maak ook groot foute
 - Ons praat met julle oor Jesus as die Koning vir wie ons lewe
 - In katkisasie
 - Of jou pa en ma
- Maar julle kan seker soms in ons sien dat dit nie eers vir ons so is nie
 - As ons julle afskeep omdat ons harder werk as wat ons hoef
 - As ons kwaad of vies raak wanneer dinge breek of verloor
 - As ons jaloers klink oor ander mense se huise en karre en geld.
- Gr 11's en 12's –
 - Ons jok vir julle as ons sê dat
 - die belangrikste ding is goeie punte vir 'n beurs
 - om uiteindelik 'n goeie werk te kan hê
 - wat beteken dat dit goed betaal
 - sodat julle lekker kan lewe en luuks kan aftree
 - Die belangrikste is dat
 - jy voor God werk met wat jy het
 - die deure wat oopgaan aangryp
 - en dit doen vir sy roem en wins en nie jou eie nie
 - Soek jou vrede in Jesus se “Mooi so”

- Nie in jou pa en ma se “mooi so” nie

Slot

- “Ek sou kon doen met 'n miljoen”
- “Almal wil 'n huisie by die see hê”.
- Wat sing jy?
- Sien saam hoe goed God is
 - om vir jou lewe te gee waar hy nie hoef nie.
 - Jou kans te gee om daarmee te woeker
- Sukses vir 'n Christen is om getrou te wees aan wat voor jou is.
- Die mislukking, soos die sukses, hang af van hoe ek oor die genade van my eienaar dink.
- Mag jy weet dat jy eendag ook gaan hoor: “Mooi so!”

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
28 September 2014